

# PAARL-SKOOL
**NUUSBRIEF 3/2022**

# PAARL SCHOOL
**NEWSLETTER 3/2022**

FIDE ET AMORE

## *Vanuit die* Skoolhoof se Kantoor

Ek is werklik bevoorreg om weekliks die Gr. 6 – 8 klasse vir 30 minute te sien. Ek poog om generiese studiemetodes en eksamenvrae te doen. My verskuilde agenda het twee doelwitte, naamlik om betrokke met die leerders te wees en ook om motiveringsgesprekke in kleiner groepe te hê. Ek kan nie wag om hulle te sien nie! Ek dink so baie terug aan my eie skooldae en aan die enkele onderwysers wat vir my 'n inspirasie en mentor was. Soms wens ek dat ek so twee of drie van hulle weer kan sien om óf dankie te sê óf om te sê: "Sien julle nou, julle woorde het gehelp!"

Ek is 'n voorstander van motivering deur te prys, kyk maar na die Pêrelklub, my "Pêrelbord" en my erkenning aan leerders, selfs vir die kleinste prestasie poog ek om leerders erkenning te gee – so het ek ook skoolgehou.

Die teenpool van "prys" is "vernedering" (in die Kaap" om te skel"). Groepe studente is getoets en dit het baie interessante resultate opgelewer. Een groep is geprys omdat hulle goed gedoen het, een groep is ontmoedig of verneder omdat hulle nie goed genoeg gevaar het nie en 'n derde groep het geen opmerkings ontvang nie. Hulle almal is weer getoets, die resultate het daarop gedui dat enige opmerking oor die prestasie beter was as geen opmerking nie. Prysing het egter 'n gunstige en ook meer blywende aard gehad. U, as ouer, kan kies: prys, skel of stilbly. Wees net altyd eerlik as u prys. Daar word gesê dat kinders en honde glo weet as jy jok. Poog om altyd iets positiefs in 'n situasie te sien. (Bron: Sielkunde vir Onderwysstudente; J.S. Barnard)

O ja, oupas en oumas is so bietjie bevooroordeeld – hulle mag maar wees!

Geniet dié kort vakansie met u kinders!

Groete
Stoffel Kruger




Paarl-skool is 'n waarde-gedrewe skool en ons fokus elke kwartaal op een van ons vier kernwaardes om dit by ons leerders tuis te bring.

Leerders word aangemoedig om hierdie waardes op 'n daaglikse basis uit te leef. Rio die leeu is ons kenteken.

Hierdie pragtige metaal kunswerk is onlangs by die ingang aangebring.




# Waarde
**van die kwartaal**



Thalita Myburgh



Heinrich Swanepoel

# Hoofleiers

## DERDE KWARTAAL

**TROTS** *op julle!*

# Skoolhoof presteer

Mnr. Stoffel Kruger was genomineer in die kategorie "Excellence in Special Needs School Leadership" vir die "National Teachers' Awards 2022". Hy het die derde plek behaal in sy kategorie. Wat 'n ongelooflike prestasie. Die kroon op sy loopbaan in die onderwys! Baie geluk!






# Landsdiens

Die Landsdiens leerders het hierdie kwartaal omtrent pret gehad. Ons leerders het gaan kamp, die tuin mooi skoongemaak, 'n karwasdag gehou, "Exotic Animal World" besoek en sluit die kwartaal af met 'n braai vir Erfenisdag. Ons is trots op ons leerders se harde werk en sien uit na kwartaal 4 se avonture.







# Mnr. en Mej. Paarl-skool

Op 1 September 2022 het Paarl-skool die vierde Mnr. & Mej. Paarl-skool Ambassadeur aangebied. “Elemental Fantasy” was die tema en inspirasie vir kreatiewe kostuums, ‘n fassinerende woud agtergrond op die verhoog en musiek wat die gehoor na ‘n verbeeldingswêreld geneem het. Die tonele het die vier elemente: vuur, water, lug en aarde laat lewendig raak op die verhoog. Die 16 finaliste se spesiale lewensverhale, wat met die gehoor gedeel is, het weereens getuig dat Paarl-skool uniek is en dat niks in jou pad moet staan om jou drome uit te leef nie! Die finaliste het ook in paartjies die afgelope ses maande aan ‘n gemeenskapsprojek gewerk wat hulle deur ‘n uitstalling in die kleinsaal uitgebeeld het.








Die kroning was die groot oomblik van die aand toe Jonathan De Robillard as 2de prins gekroon is. Taylor Fabrick en Carla Fieties is gesamentlik as 1ste prinses gekroon en Matthew Sadoucas as 1ste prins. Shaneeze November en Xandré van den Berg moes hul titels oorhandig aan die wenners van hierdie skitterende geleentheid; Mnr. en Mej. Paarl-skool Ambassadeur 2022: Thalita Myburgh en Dominic Windvogel. Baie geluk aan die twee Ambassadeur wenners. Ons is seker dat hulle hulself goed in hul taak sal kwyt. Paarl-skool bedank elke betrokke en talentvolle opvoeder vir elkeen se groot aandeel in hierdie suksesvolle projek. Dankie dat julle vir die leerders sulke geleenthede skep en daarby ondersteun om hulle drome na te jaag.








# Sport

Dit was 'n lekker besige sport kwartaal met sokker, netbal en landloop wat voor gevat het.

## Sokker

Ons O/14 en O/16 sokkerseuns het aan 'n paar ligawedstryde deelgeneem. Die O/14 seuns het voorwaar mooi gespeel met 'n paar wenne onder hulle belt. Divan Kotze was ook aangewys as die speler van die toernooi by die onlangse "5-a-side" toernooi by Tafelbergskool.





Netbal het hulle staal gaan wys teen Laerskool Bastion. Ons dogters het ons baie trots gemaak met hulle mooi spel.

Elanza Jordaan is aangewys as die Sportvrou van die jaar met 'n gestremdheid by die Kaapstad Distrik Sport Toekennings.

## Landloop

Vyf van ons leerders (Gift Gxilishe, Matthew Sadoucas, Jonathan De Robillard, Tatiana Kock, Joalet Viljoen) het hulle WP klere verwerf in landloop en in Augustus die geleentheid gehad om aan die Weskaap Landloop Kampioenskappe te gaan deelneem in George. Hulle het hulle beste gegee en ons is trots op elkeen van hulle. Baie geluk aan Joalet Viljoen wat haar Weskaap klere verwerf het en tydens dié vakansie aan die Suid-Afrikaanse Landloop Kampioenskappe gaan deelneem in Oos-Londen. Dit is voorwaar 'n prestasie om op trots te wees. Dankie aan Elsabé Pienaar en Carlé Terblanche vir hulle afrigting en onbaatsugtige betrokkenheid by die landloop.



# Kultuur

## Eisteddfod

Die opgewondenheid was groot om hierdie jaar weer aan die Paarl Vallei Eisteddfod te kon deelneem in die Paarl. Dit bly darem net lekker om voor 'n gehoor op te tree! Ons leerders het deelgeneem aan voordrag, sang en visuele kuns. Baie geluk aan Blessing Nyamayaro, Betty Anderson (voordrag), Marieta Kotze (sang) en Joalet Viljoen (fotografie) wat Cum Laude toekenings ontvang het. Marieta was ook aangewys as die kategoriewenner van senior sang 14 jaar. Welgedaan!









# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase

Buitespel maak 'n belangrike deel uit van die Voorskoolse Fase se dagprogram. Met lente in die lug, geniet die leerdertjies dit weer om op die fietsies te ry, in die sandput te speel, te swaai en op die klimrame te klim en klouter. Ons was ook baie gelukkig om 'n kaskar as skenking te kry en daarvoor sê ons baie dankie aan Tristen, in die Gr.R1E-klas by juffrou Jonita, se ouers. Ons het ook Erfenisdag gevier met 'n heerlike worsbraai, musiek, speel en dans!



## Grondslagfase

In die Grondslagfase is hierdie kwartaal hard gewerk, maar gelukkig was daar ook lekker gespeel. Ons klimraam is reggemaak en ons leerders kon heerlik klim en klouter. In ons klasse word gereeld aanpassings gemaak om elkeen van ons leerders te akkommodeer, sodat hulle hul volle potensiaal kan bereik.







## Funksionele Fase

Van heerlike vrugteslaai maak, kuns beoefen en dan nog leer lees, skryf en wiskunde doen! Dit was beslis 'n bedrywige derde kwartaal. Die leerders het geleer hoe om self vrugteslaai te maak en almal kon 'n vrug van hul keuse opsny as deel van die slaai. Ons het tafel gedek en heerlik aan ons eie vrugteslaai met vla en roomys gesmul. Om ons landsvlag uit afvalmateriaal te maak is vir die kreatiewe leerders van die Junior Funksionele Fase kinderspeletjies. Dit was 'n geskeur, geplak, gegom en koppe bymekaar sit om hierdie kunswerke te ontwerp en te maak. Elke klas kon hul vlag op Loslitdag, 2 September, vertoon. Ons is trots op elke leerder in die Junior Funksionele Fase wat so hard werk.









# Intermediêre Fase

Kwartaal van projekte

Uiteindelik voltooi, die derde kwartaal van take!
Hierdie kwartaal het verbygesnel, soos met alle sake!

Musiekinstrumente, elkeen uniek op sy eie manier,
Graad 4 se orkes het hul laat fees vier.


Graad 5 het elektriese stroombane gebou.
Gaan hul elektrisiteit langer as EVKOM s'n hou?

In graad 6 het hulle boekbesprekings gehou
Die orkes, "Suurlemoen," se intriges het hul harde bene laat kou.

Die verskillende take is met toewyding voltooi.
Elkeen se taak, so uitstaande en mooi.

Nog 'n kwartaal het vinnig verbygegaan.
Hier by Paarl-skool het ons hard gewerk en saamgestaan.



# Senior Fase

Leerders in die Senior Fase verstaan werklik die betekenis van omgee in die manier waarop hulle mekaar ondersteun, beskerm en aanmoedig. 'n Perfekte waarde vir 'n perfekte skool, Paarl-skool, wat werklik daagliks lewens inspireer en omkeer.



Te dikwels onderskat ons die krag van 'n aanraking, 'n glimlag, 'n vriendelike woord, 'n luisterende oor, 'n eerlike kompliment of die kleinste daad van omgee, wat alles die potensiaal het om 'n lewe om te keer.

- Leo Buscaglia -




Ons het ons Senior Fase-leerders gedurende hierdie kwartaal gevra om iets te skep wat omgee vir hulle verteenwoordig. Hulle het baie moeite gedoen en hier is van hul pragtige kunswerke. Elke klas moes ook 'n plant oppas en versorg. Die leerders het hulle uitstekend van hul taak gekwyt en die plante het waarlik gefloreer.



## Werksvoorbereiding

Werksvoorbereiding-leerders het die voorreg gehad om op 'n uitstappie na Tafelberg te gaan. Die weer was perfek en die leerders het dit baie geniet. Dit is lekker om die wonder van die natuur op hierdie manier te beleef. Baie dankie aan mnr. Johan Doubell van die Departement van Sosiale Ontwikkeling wat dit vir ons moontlik gemaak het.





# Ondersteuningspan

## Alta du Toit Nasorg

Die Arbeidsterapie Departement het die eerste week van die nuwe kwartaal op 'n uitreik gegaan na Alta du Toit nasorg waar hulle hul handfunksie-program aan hulle bekendgestel het. Dit het gepaard gegaan met 'n mini-opleiding oor handfunksie, fyn motoriese vaardighede en basiese taakuitvoering en hoe om dit in aktiwiteite te inkorporeer. Hulle het ook die groep se kreatiwiteit aangewakker deur hulle 'n handfunksie aktiwiteit met herwinbare materiale te laat uitdink.






## Spierdistrofie & Stellenbosch Universiteit

September is Spierdistrofie Bewustheidsmaand en as deel van 'n Paarl-skool uitreik het Nici van Heerden (spraakterapeut) 'n praatjie oor die identifisering van voedingsprobleme in persone met spierdistrofie gelewer by die Wes-Kaapse Spierdistrofie Vereniging. Sy het ook hierdie kwartaal 'n lesing aangebied by die Stellenbosch Universiteit oor Spesifieke Leergestremdheid om 2de jaar spraakterapie studente te bemagtig.






## Nasorgsentrums





Paarl-skool Leerondersteuning het na omliggende nasorgsentrums uitgereik waar daar van Paarl-skool se leerders is. Die doel is om sentrums volgens spesifieke behoeftes te bemagtig rakende leerders met spesifieke akademiese behoeftes.

# PSOS

## Paarl-skool Ontwikkelingstigting

Dit was ‘n baie geseënde en bedrywige kwartaal 3 vanuit die PSOS-kantoor!

## Loslitdag

Wat ‘n heerlike gebeurtenis op Vrydag 2 September! Leerders en personeel kon aantrek volgens die tema **#IcelebrateSA.** Elkeen het ook ‘n eetgoedpakkie ontvang. Jou Stasie radiostasie het vir ons ‘n buite-uitsending by die skool gedoen en gesorg vir lekker vermaak en musiek.
Ons is dankbaar dat altesaam **R100 000** vir Paarl-skool ingesamel is met hierdie projek!







**Badkamers opgradering**: Ons is in ons noppies oor die opknapping van ons koshuis se seuns- en dogtersbadkamers. Die **Albert Wessels Trust** het hierdie projek geborg. Baie dankie!





**Brittany McCormick**, ‘n 25-jarige dame met serebrale gestremdheid, het 100 km gestap om fondse vir rolstoele vir Paarl-skool leerders in te samel. Sy het alreeds **R54 000** met hierdie BackaBuddy-projek ingesamel! Ondersteun gerus hierdie inisiatief by: ***https://www.backabuddy.co.za/brittany-mccormick***

Ons wil graag die gemeenskap aanmoedig om vir Paarl-skool ‘n begunstigde te maak op u **Woolworths My School-kaart**. Gebruik asseblief hierdie skakel ***https://www.myschool.co.za/*** om dit te doen. Paarl-skool kry dan ‘n persentasie van al u aankope by Woolworths!

## Klub100

Met hierdie projek kan goedhartige mense onderneem om elke maand R100 vir een jaar te skenk. Die fondse help dat Paarl-skool leerders broodnodige dienste en sorg kan ontvang. Kontak asseblief die PSOS-kantoor by ***ontwikkeling@paarlskool.org.za***

